BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MAART 2015 Nr 65

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Tyd, en hoe ons dit mors

Omdat tyd vandag so kosbaar is, kan ons nie bekostig om dit te mors nie. Van alles wat hieroor geskryf is, lyk die volgende drie maniere waarop ons die meeste tyd mors, die mees algemeenste:

1) Ons laat toe dat vermaak, mense en sosiale media ons aandag aftrek. Die gemak waarmee ons die TV aansit, videos kyk, 'n SMS gesprek begin, of dalk nog bel om eintlik oor niks te gesels nie. Om kort-kort te *Facebook*, *Twitter*, *Pinterest*, ensovoorts, verdring die selfdissipline wat vereis word om iets konstruktiefs te doen of doelbewus te deurdink. Uit ervaring weet ons dat daardie taak, wat ons uitstel of vermy, baie minder vermoeiend blyk te wees as ons net eers daarmee begin het. In plaas van om die aktiwiteite hierbo wat min van my vra te kies, moet ons doelbewus dié aanpak wat op die ou einde baie meer stimulerend is.

2) Ons spandeer tyd om te wonder wat ander mense van ons dink of aan ons doen. As ons tyd spandeer en voortdurend peins oor dit "wat moontlik in mense se koppe aangaan" of, "waarom hulle doen wat hulle doen," mors ons nie net tyd nie, maar die lewe. Ander mense se denke, gedrag en optrede is gewoonlik nie op ons lewens van toepassing nie en as dit is, moet hulle dit hanteer. Dink aan hoeveel minute, ure, selfs dae jy spandeer om dít, wat ons nooit sal weet nie, te probeer weet.

3) Ons koester ou pyn, maak dit vandag se pyn en weier om dit te laat gaan, te vergewe en aan te beweeg. Wanneer ons laasgenoemde doen, verloor ons nie net kosbare tyd nie, maar 'n groot deel van ons lewe en die lewe self. Ou wonde veroorsaak dat ou gedrag en gewoontes vestig. Dekades gaan verlore met vermorste tyd oor iets wat lank terug gebeur het en waaraan ek vandag niks kan verander nie. 'n Lewe van konstante "tob" oor die verlede steel al my produktiewe ure.

Wát kon jy nie met al die vermorste tyd gedoen het nie…?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

18 – 20 MAART: "Gebou om te hou"

(Reeks werkswinkels om die uitdagings van die bediening die hoof te bied). Vier blokke word deur kenners, elk van hul vakgebied, aangebied.

Dié werkswinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, kerkleiers en belangstellendes!

Blok 1: Die 'Toolbox' van 'n veerkragtige leraar
Aanbieders: Drs Annette Prins, Annette Wyers, Ronél van der Watt en mev Rozanne Raath
Plek: BloemCare Konferensie Sentrum – Langenhovenpark, Bloemfontein
VBO-Punte: 20 per blok (Totaal 80)

Registrasie: SMS D54582 en u naam na 31029

VBO-WINTERWEEK

22 – 24 JUNIE 2015
Tema: *Jubel en Hoop*

Die volgende tema's vorm deel van die program:

1. Geestelike verdieping
2. Digitale kultuur
3. Veranderende sosio-ekonomiese werklikheid
4. Ekonomie van Ekologie
5. Eenheid, versoening en geregtigheid
6. Kerklike Transformasie

Plek: UV-Kampus, Bloemfontein
VBO-Punte: 30

Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za